**SONDAG:7**

**VRAAG EN ANTWOORD: 22**

| | | Teks | 1933/53-vertaling | 1983/91-vertaling |
|---|---|---|---|---|
| Vraag: Wat moet 'n Christen glo? | | | | |
| Antwoord: Alles wat in die evangelie aan ons beloof word | 1 | Matteus 28:19 | Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. | Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees |
| | | Markus 1:15 | en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie. | Hy het gesê: "Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie." |
| | | Johannes 20:31 | maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam. | Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê. |
| en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer. | | | | |